# CBMC Gebedsbrief

23 Maart 2026

## KALENDER

<u>Maart</u>
26 CBMC Namibië Manne Konferensie
27 Skole Sluit
28 CBMC Gobabis Bekendstelling (Namibië)

<u>April</u>
03 Goeie Vrydag
05 Opstanding Sondag
08 Skole Open

<u>September</u>
12 - 15 CBMC Wêreld Konvensie Dubai
GEKANSELLEER – Lees Meer

## VERJAARDAE

<u>Maart</u>
23 Dawid Carsten (Helderberg)
25 Melvin Betsha (Noordkaap)
26 Pieter Coetzee (Helderberg)
29 Wimpie Basson (Helderberg)
Percival Combrinck (Gauteng)
Morné Jordaan (Helderberg)
Jacques Terblanche (Gauteng)
Piet van der Merwe (Noordelike Voorstede)
Morné Viljoen (Helderberg)

### Johannes 15

6“As iemand nie in My bly nie, word hy soos ’n loot buite uitgegooi, en verdroog. Hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.” (AFR20)

<u>Dissipelskap en Dissipelmaking (Deel 10)</u>

Ons ken almal Matteus 28:19-20 waar Jesus die Groot Opdrag gegee het;

*"... Gaan en maak dissipels."*

Voordat ons dissipels kan maak, moet ons dissipels wees; ons moet verstaan wat 'n dissipel van Jesus is. Weet ons wat dit beteken?

Ons ken die bekende gedeelte in Johannes 15 waar Jesus met Sy dissipels praat oor die wingerdstok en vrugte.

In Johannes 15:2 noem Jesus 3 tipe wingerdlote/takke. (Geen vrug, vrugte, meer vrugte)

In vers 5 verwys Hy na die lote wat baie vrugte dra.

Die hartseer deel is vers 6 waar Hy verwys na diegene wat nie aan Hom verbind bly nie en afgesny word.

Waar pas ek in hierdie prentjie in? Verstaan ek en aanvaar ek dit wanneer Hy my moet optel en skoonmaak of snoei?

Hoeveel vrug dra ek?

Herken ander my as dissipel van Jesus wanneer hulle na my vrugte kyk? Lees ook Galasiërs 5:22-23

***‘n Dissipel van Jesus is iemand wat aan Hom verbind bly en vrugte dra.***

Bid saam in julle spanne oor hierdie onderwerp en hou mekaar verantwoordbaar.

Adres:
Edwardstraat 134
Bybelhuis,
1ste Verdieping
Bellville 7530
Die WhatsApp-nommer vir die CBMC-kantoor is 061 621 4668.

CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176
Takkode: 250655 - Willowbridge
info@cbmc.co.za

Snap here to pay
SnapScan